Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

21 Februarie 2025 Uitgawe: 6/1/2025

## UIT DIE KANTOOR

Hierdie was ’n lekker vol week met baie aktiwiteite wat plaasgevind het.

Baie geluk aan al ons swemmers wat hul beste gegee het by die Suid-Vrystaat Swemkampioenskappe en met ’n hele paar medaljes weggestap het. Tjokkies het voorwaar presteer en as skool baie netjies vertoon in hul nuwe hempies. Julle het ons trots gemaak.

**Inwyding van sportgronde:**
Baie dankie aan al die ouers en gaste wat hierdie pragtige geleentheid saam met ons gevier het. Dit was voorwaar ‘n geskiedkundige geleentheid wat vir baie jare onthou sal word. Alhoewel ons bekommerd was oor die weer, het die reën bietjie weggebly en kon ons ‘n heerlike aand van feesvieringe geniet.

Weereens my opregte dank aan die Beheerliggaam en alle ander rolspelers vir die voltooiing van hierdie projek.

Ons eerste amptelike wedstryde sal reeds op 4 Maart op hierdie nuwe velde gespeel word.

**Atletiek:**

Vandag vind die Fichardtpark Prestige Atletiekbyeenkoms by die stadion plaas. Dit is jaarliks ‘n hoogtepunt op die atletiekkalender in Bloemfontein. Baie sterkte aan elke Tjokkie wat deelneem. Ons vertrou dat die weer sal saamspeel en dat elke atleet net sy beste sal gee.

**Akademie:**

Die afgelope week het die personeel in die seniorfase bietjie gefokus op die leerders se werkboeke en deeglike kontrole gedoen om die kwaliteit van die leerders en onderwysers se werk te toets. Dit is deel van ons normale werksaamhede om die akademiese standaard op ‘n hoë vlak te hou. Foute is geanaliseer en gaan met die personeel en leerders hanteer word.

Ek rig weereens ‘n versoek aan ouers om nie personeel en elkeen se verskillende werkswyses op die **“mammas - WhatsApp-groepe”** te bespreek nie. Indien u wel ‘n navraag het oor werk of onseker is oor iets, kontak eerder die onderwyser self of maak ‘n afspraak om daaroor te gesels. Hierdie is vir my ‘n ernstige saak wat tans hande uitruk. As dit nie verbeter nie, sal ek ongelukkig gedwing word om op te tree.

# ANDER

**Versoek van personeel:**


Die personeel vra vriendelik dat persone wat by die personeelhek parkeer wanneer hul kinders op- en aflaai, so sal parkeer dat hul nie die ingang belemmer nie. Dit veroorsaak dat personeel nie maklik die terrein kan binnekom of verlaat nie. Sommige ouers het baie groot voertuie wat die sig versper wat dit moeilik maak om te beweeg. Dit hou ook 'n gevaar in vir ons leerders wat oor die pad beweeg. Baie dankie vir u samewerking in dié verband.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21 Febr.: | Fichies Prestige Atletiekbyeenkoms |
| 22 Febr.: | Ouer/kind Bemagtigingsessie (RO) |
| | Nautilus 1 |
| | o/9 Rugbyproewe |
| 24 Febr.: | o/9 Krieketliga |
| 25 Febr.: | Klas en Individuele foto's |
| | o/11 Krieketliga |
| | o/13A netbal (OMS Sekondêr) |
| 26 Febr.: | ASB Toetse (Gr. 1) |
| 27 Febr.: | o/13 Krieketliga |
| | Tjokkies Mini-gala |
| 27 Febr. – 1 Mrt.: | Grey-Tennistoernooi (o/13 s) |
| 28 Febr.: | Motheo/Xhariep Atletiekbyeenkoms |
| | GSF Laaities- & Ladiesdag |
| | Skaakuitspele |

# VERJAARSDAE

21 Febr.: Mev. Annelize Pieters (Admin)



# SKOOLFONDS 2025

<u>**SKOOLFONDS 2025**</u>

**Eenmalige jaarlikse betalers:**

Betaling van R18 100 per kind moet betaal word voor 1 Maart om te kwalifiseer vir hierdie bedrag.

**Debietorders 2025:**

Debietordervorms vir 2025 kan steeds ingestuur word en dit gaan aftrek vanaf Maart.

**EFT Betalers:**

Skoolfonds beloop R1 800 per kind en is vooruit betaalbaar voor die 7de van elke maand.

Skoolfonds word gehef Februarie tot Desember.

**Nasorgsentrum gelde:**

Nasorg kan by die debietorder ingesluit word en beloop R550 per kind per maand.

Indien EFT-betaling, moet dit vooruit betaal word voor 7de van die maand.

# SWEM

Tydens die Inter Primêr Swemgala wat op 18 en 19 Februarie plaasgevind het, het Tjokkies se swemmers die volgende bereik:

Aflosse: 3 x tweede plekke


5 x vierde plekke

Altesaam kan Tjokkies spog met 1 goue medalje, 16 silwer medaljes en 7 brons medaljes.

Die volgende swemmers het met individuele items medaljes gewen:

1. Janré Slabbert
2. Cailyn de Kock
3. Ludwig Niemann
4. Ruan Bergh
5. Hanro Aucamp
6. Jané Tredoux

Baie geluk!



# FOTO'S

Klas- en Individuele foto's word Dinsdag, 25 Februarie 2025 geneem.

Leerders se klere en hare moet asb. skoon en netjies wees ter wille van die foto's. Leerders moet ook die korrekte klere (somer skoolklere) aanhê vir die foto's.

Die fotobestellings sal slegs op die Karri-toep beskikbaar wees en sal eers na die neem van die foto's oopmaak. Datums sal deurgegee word. Pakkette word verkoop teen R120 (klas- en individuele foto's).

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Bouers sal saamstem dat 'n goeie en sterk fondasie een van die belangrikste elemente is wanneer 'n huis gebou word. 'n Swak fondasie daarteenoor, veroorsaak net 'n klomp puin in die toekoms.

In Lukas 7 vertel Jesus van die verstandige bouer wat sy huis op rots bou. 'n Huis wat se fondasie op rots gebou word, weerstaan storms, want rots is sterk, standvastig, betroubaar en onwankelbaar.

Dawid was 'n verstandige bouer, wat sy lewe op die Rots gebou het:

"Vind rus by God alleen, my siel, want op Hom is my hoop gevestig. Net Hy is my rots, my verlossing, my toevlugsoord. Ek sal nie wankel nie."
Psalms 62:6-7 AFR20

https://bible.com/bible/3499/psa.62.6-7.AFR20

Gebed:

Dankie Here dat U ons: Rots, Rus, Hoop, Verlossing en Toevlug is! Ons sal nie wankel nie!
Amen

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Kom ondersteun ons skool en kom eet by Copper Clover gesinsrestaurant in Langenhovenpark waar die kos jou ma sal trots maak.

Dinsdag, 25 Februarie 2025 vanaf 17:30 – 20:00. 'n Persentasie van die omset in hierdie 2 en half ure gaan aan Tjokkies geskenk word. Die rugby-toerseuns gaan saam met die kelners die kliënte bedien.

Kom ons wys vir Bloemfontein hoe trots is ons om as die Tjokkie-familie bekend te staan!


Tjokkies-ITEC
Gholfdag
23 Mei 2025
Schoemanpark
Tjokkies Preprimêr bied die dag aan en nooi graag besighede/ouers wat vir bemarkingsdoeleindes 'n bof/setperk wil borg of 'n 4-bal wil inskryf.
Formaat: BBS Scramble Drive
Aandete ingesluit
R500.00 per speler
Besprekings: 051-522 3628 vm

# SNUFFELS



A GOAL WITHOUT A PLAN IS JUST A WISH
– Antoine de Saint-Exupéry
Do you have financial goals?
ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorized Financial Services Provider. FSP # 48449
T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com
Specialised Investment Services


XTRA SAVINGS
XTRAVAGANZA
Valid 17 - 23 February '25
VARS!
64.99 per kg
Farmer's Choice Vars Hoender-braaipak
89.99 per kg
Champion Beef Mince
SOOS GESIEN OP TV
SPAAR R45
149.99
Douwe Egberts Kitskoffie Alle Variante Elk
SPAAR R20
ENIGE 2 VIR
R190
2 x 6x1ℓ Parmalat EverFresh Langlewe Melk Alle Variante
SOOS GESIEN OP TV
AS SEEN ON TV
CORN FLAKES
SAVE R10
69.99
Kellogg's Corn Flakes
SAVE 20%
ANY 2 FOR
R37
2 x 120g Lay's Chips All Variants
SAVE R100
799.99 each
Platinum Digital Airfryer 6ℓ
AS SEEN ON TV
SAVE R25
99.99
Crystal Valley Cheddar/Gouda Cheese
AS SEEN ON TV
BUY ANY 3 &
SAVE 40%
3 x 14/21 per pack Ariel All-in-1 Pods
AS SEEN ON TV
SPAAR 26%
3 VIR
R199
3 x 9 per pak Baby Soft Fresh White/Quilts Dubbellaag Toiletrolle
SOOS GESIEN OP TV
1500 DEALS EVERY WEEK
Checkers
better and better
also at Checkers Hyper
Download the app


JF-OPEDAG
HOËRSKOOL JIM FOUCHE
SAAI OM TE OES
Hier maak ons die verskil
14 MAART 2025
JF-SKOOLSAAL
11:00
#trotsJF
HUIS Anton van Wyk
KOSHUISTOER
NA DIE FUNKSIE
www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN


Kia Sportage
Fall in love with your next ride this February -
the month of love!
Receive up to R60 000 discount.
UNLIMITED KILOMETRE
5 YEAR WARRANTY
SPORTAGE GP
Movement that inspires
Bloemfontein
T's and C's apply. Image for illustration purpose only.